Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Druk hierdie artikel

Julius-mynplan bekyk

2010-11-16 00:22

Gloria Edwards

Die ANC gaan 'n onafhanklike navorsingspan betaal om die wenslikheid van mynnasionalisering te ondersoek.

Mnr. Gwede Mantashe, sekretaris-generaal van die ANC, het gister aangekondig die party gaan twee senior navorsers en 'n projekbestuurder aanstel om verskeie modelle van nasionalisering en die rol van die staat in die mynbedryf te ondersoek.

Die ANC se nasionale uitvoerende komitee (NUK) het dit die naweek besluit.

Mantashe het gesê die party wil voor die laaste kwartaal van 2011 'n verslag van die navorsingspan hê sodat die NUK vir die ANC se beleidskonferensie in 2012 kan voorberei.

Die navorsers moet uit verskeie onafhanklike organisasies, soos die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) en universiteite, getrek word.

"Ons het nog nie besluit watter organisasie gebruik sal word of oor die begroting gepraat nie. Ons verwag om die navorsers binne die volgende paar weke aan te stel," het Mantashe gesê.

Hy meen die navorsing sal lig werp op enige bekommernisse van nasionale en internasionale belanghebbendes.

Die ANC het die NUK op sy hoofraadsvergadering (NHV) in September opdrag gegee om behoorlike navorsing oor mynnasionalisering te doen voordat op enige beleidsveranderinge besluit word.

Dit het gebeur nadat mnr. Julius Malema, ANC-jeugleier, die debat oor nasionalisering aangevuur het omdat hy meen die land se minerale-inkomste moet wyer verspreid wees.

Mantashe het gesê mynmaatskappye behoort vir die navorsing te help betaal omdat dit in hul belang is.

Die navorsingspan gaan eienaarskap en ander lande se beleid bekyk sodat die verslag "nie ideologies nie, maar realisties" is.

Dissipline was hoog op die NUK se sakelys nadat sowel Malema as mnr. Zwelinzima Vavi, hoofsekretaris van die vakverbond Cosatu, hulself onlangs by verskillende geleenthede teen die ANC uitgespreek het.

'n Omgekrapte Malema en sy luitenante het tydens die NHV se nasionaliseringsgesprekke na die verhoog opgeruk omdat hulle ongelukkig was oor die bewoording van die nasionaliseringsklousule.

Die ANC was woedend oor die moontlikheid dat Cosatu 'n opposisieparty beplan nadat die party nie na die vakverbond se onlangse burgerlikesamelewing-konferensie genooi is nie en Vavi verskeie uitlatings oor "politieke hiënas" gemaak het.

Mantashe het gister gesê hulle gaan geen tugstappe teen individue doen nie, maar het 'n gesprek met die jeugliga en Cosatu gehad.

"Ons sal stappe doen as die ANC se waardes oortree word. Die ANC se alliansie is met Cosatu, nie met individue nie. Die jeugliga en vakverbond is onafhanklike instellings."

Mantashe het die media getakel oor hul "beheptheid met Malema". "In 2009-'10 het die ANC 185 lede geskors, van wie sommige burgemeesters was, maar die media fokus net op Malema."

Mantashe het ook gesê dis vroegtydig om mnr. John Block, die Noord-Kaapse ANC-leier wat weens beweerde tenderbedrog tereg staan, van sy pligte te onthef.

Volg Beeld op **Twitter** en **Facebook**.